



PREPRIMÊRE SKOOL

## Nuwe kleuters 2018

Liewe Ouers

Ons vertrou dat u kleuter aangename en opwindende Tjokkie ervarings hier sal beleef. Ons juffrouens is gemotiveerd om van ons nuwe maatjies ware TJOKKIES te maak. **Bewaar hierdie briefie om later te bestudeer.** Dit sal u ondersteun wanneer u kleuter in die nuwe jaar Tjokkies toe kom.

### GOEIE RAAD VIR DIE EERSTE DAG

#### 1. Wanneer u soggens (veral die eerste dag) moet groet:

Stel u kleuter gerus, vestig haar aandag op die mooi omgewing en stap saam tot by die juffrou. Sien toe dat u kindjie êrens in iets geïnteresseerd raak. **Moenie langer as 5 minute ronddraai nie.** Groet dan ferm maar liefdevol met die versekering dat u hom na werk sal kom haal!

Om die afskeid met u kleuter uit te rek, maak dit **moeiliker** en gee die outjie net geleentheid om redes uit te dink waarom hy dadelik saam met u terug huis toe kan gaan.

Indien 'n kindjie sukkel, help dit om hom net vir 'n dag of twee 'n bietjie vroeër te kom haal as dit vir u moontlik is. Maandae blyk ook altyd weer 'n bietjie moeilik te wees. Herhaal dan die afskeidsproses soos hierbo.

As u bekommerd voel in die eerste week, kan u gerus gedurende die oggend skakel sodat ons u van u kleuter se doen en late kan verwittig.



#### 2. Hoe voel 'n juffrou oor haar nuwe klassie?



Sy sien uit na die nuwe groep kleutertjies. Sy het reeds almal se name, waslappies en bêre-kassies gereed vir die nuwe jaar. Dit is vir haar belangrik om elkeen van hierdie nuwe kleutertjies as individu met eie behoeftes te leer ken.

Sy moet vinnig 'n situasie kan opsom om 'n onseker maatjie by te staan. Sy probeer om 'n **bekommerde ouer gerus te stel**. Soms wil 'n ouer so graag hê dat die kindjie sommer dadelik inskakel en sy beste maniere onthou sodat juffrou kan sien hoe oulik hy is!

'n Juffrou verstaan dat hulle nie altyd sommer dadelik tuis voel nie.

**Ons dink in elk geval alle kleuters is oulik** - dit is hoekom ons juffrouens geword het! Gee die "nuwe juffrou" en die "nuwe kleuter" tyd om mekaar te leer ken en verstaan.

### 3. Hoe voel die nuwe maatjie?



Party is opgewonde en vol selfvertroue, ander weer onseker en bang. Sommige het soveel uitgesien na hierdie dag en kry nou skielik koue voete!



Kleuters, net soos volwassenes, is soms bang vir nuwe dinge en moet met begrip benader word. Daar is outjies wat oorweldig voel en nie graag opgetel wil word nie, party wil drukkie uitdeel en ander wil sommer dadelik gaan speel. Sommige kleuters sukkel met die nuwe omstandighede en word nie sommer maklik oorreed om ma te los en hier te bly nie.

Saam-saam ontdek ons 'n wêreld van leer deur ervaring, sosialisering, verantwoording vir ons eie besittings, respek, trots, konsentrasie en selfdisipline. Die sameloop van hierdie ervarings help u kleuter om sy eiewaarde te bepaal en gereed te raak vir nuwe uitdagings vorentoe.

### 4. Wat moet u as ouer doen?

Maak seker dat u baie deeglik bewus is van die **TJOKKIE-REËLS EN ONDERSTAANDE SKRYWE**. Dit gee 'n kleuter sekuriteit as die ouers weet wat van hulle en hul kleuter verwag word.

**Die onderstaande punte is van besondere belang vir u as nuwe ouer!**

#### **SKOOLTYE:**

Bring u kleuter daaglik dieselfde tyd skool toe (nie later as 08:00 nie).



Onderwysers is om 07:20 aan diens. Die onderwysers neem weeklikse beurte om die skool reeds om 06:50 oop te sluit. Daar is dus daaglik vroegoggend een persoon in die kantoor op diens.

Ten einde makliker deur die aanpassingstydperk te kom sal al die onderwysers gedurende die eerste 3 dae en op die eerste Maandag, om 07:00 in hul klasse wees.

#### **SKOOLGELDE:**

Die skoolgelde word oor 11 maande gehef. Skoolgelde vir volgende jaar is onderhewig aan geringe styging. In die skoolreëls is 'n uiteensetting soos dit vanjaar betaalbaar was.

#### **KOSBLIK VEREISTES:**

Die kosblik moet asseblief 'n doodgewone kosblik met **EEN** deksel wees. Die kleutertjie moet dit maklik self kan oopmaak sonder dat die kos uitval. **ASSEBLIEF NIE** kosblikke wat aan die bo-kant en die onderkant oopmaak of omgedraai kan word nie. Tassie- of "cooler-bag" kosblikke is te groot en nie geskik nie.

#### **VERVERSINGS:**

**Oggend Kosblik: (Nr. 1 gemerk met kleuter se naam.)**



Slegs gesonde kossies - geen lekkers nie!!!!

Koeldrank word by die skool verskaf - moet asb **NIE KOELDRANK** vir soggens saambring nie! Water is toelaatbaar, in 'n **klein botteltjie wat nie lek nie**. Al die krane by Tjokkies het **SKOON** water want die hooftoevoerpyp het 'n watersuiweraar.

## MIDDELBORD:

Etenstyd is 'n sosiale en leersame geleentheid.

Ons maak gebruik van 'n "middelbord" om ons etenstyd organisasie te vergemaklik, dit is ook terselfdertyd 'n goeie beginsel om by ons bevoorregte kleuters vas te lê dat 'n mens nie kos moet mors nie. Kleuters word aangemoedig om al hul kossies op te eet. Indien 'n outjie nie meer kans sien vir 'n broodjie nie word dit in die middelbord eerder as in die asblik geplaas. Indien kossies in die kosblikkie agterbly en weer in hul Tjokkiesakke gebêre word, lok dit dwarsdeur die dag kleutertjies terug en veroorsaak dan heeldag 'n etery en morsery! Dit lok nie net kleuters nie - maar ook swartmiertjies! (Die oorbly-kossies word na Tsidi en Johanna se woonbuurt geneem waar honger kindertjies saans gretig daarvoor wag. Dankie vir u begrip.)

## Middag Kosblik: (Nr. 2 gemerk met u kleuter se naam, ook die Koeldrankbotteltjie).



Maak asseblief hierdie ete interessant, aangesien dit vir die middagkleuters ons hoof-ete by die skool is. In die somermaande verwag ons dat u kossies sal stuur wat koud geëet kan word. Gedurende die winter word kossies in die mikrogolf opgewarm. (Geen lekkers of koekies nie asseblief). Alle middagkosblikke moet soggens deur u as ouer saam met u kleuter in die yskas gebêre word.

Pak 'n lepeltjie in vir gekookte kossies of joghurt. Ouers sorg self vir iets te drinke tydens middagete (bv. melk, sap, koeldrank) en moet ook soggens toesien dat dit saam met kosblik nr 2 in die yskas gebêre word. **Nie meer as 200ml nie!** Gebruik asseblief slegs plastiekbottels wat nie lek nie. Geen gaskoeldrank nie. ('n Kleuterhartjie is baie seer as sappies in die nuwe Tjokkiesak uitgeloop het.)

## BEDERFDAG:

Elke Vrydag is bederfdag, dan word lekkernye by die skool verkoop. Dit dien ook as 'n deurlopende fondsinsameling. Meer inligting hieroor tydens die ouervergadering.

Al hierdie reëlins mag vir u te georganiseerd klink, maar dit verseker u kleuter se veiligheid, aanpassing en inskakeling by die skoolroetine. Indien u enige vrae of bekommernis het, bespreek dit asseblief met die klasonderwyseres wat nou tydelik soggens u kleuter se "leen-mamma" is.

Dankie dat u u kleutertjie aan ons toevertrou. Hulle is vir ons ook spesiaal en ons sal Tjokkie-lojaliteit met trots by hulle help vestig.

Na hierdie eerste jaar by Tjokkies sal hy/sy sommer baie mèer selfvertroue hê en kans sien om weer nuwe bande te smee in 'n volgende klassie by 'n ander juffrou.



## Tjokkies Preprimêr is 'n Graad R-skool

Graad R is die BRUG tussen die ouerhuis en Graad 1. Om hierdie oorbruggingsproses suksesvol te kan aanpak en uitvoer, moet die kleutertjie gereed en ontvanklik by die "brug" aankom. U as ouers bied die "trapklippies" wat die kleuter tot by die "brug" bring.

Gaan asseblief deur die volgende "trapklippie-lys", om sodoende u kleuter bewustelik voor te berei vir 'n suksesvolle Graad R-jaar. Baie dankie!



- Toiletgewoontes gevestig
- Tafelmaniere gevestig
- Self kan aan- en uittrek
- Self neus hygiëne kan toepas
- Groet met selfvertroue
- Respek toon vir ander en die omgewing
- Toepaslike gedrag tov maats, volwassenes en speelgoed toepas
- Weerbaarheid tov veiligheid
- Eerste keer luister
- 'n Opdrag kan uitvoer
- Reëls kan toepas
- Uithouvermoë toon
- Kryt reg vashou
- Knip met 'n skêr
- Eie naam en van ken

# Grondplan van Tjokkies Pre-primêr

